# 315. SAGGIES EN TEER

**D                      G          D**
1. Saggies en teer is die stem van Yahshua;
**           Bm       A**
Hy roep vir jou en vir my.
**D                           G            D**
Hy staan en wag aan die deur van ons harte –
**             A        D**
wag daar vir jou en vir my.

**    A         D**
*Refrein:* Hy roep, Hy roep!
**  E                      A**
Almal wat moeg is, kom nou!
** D**
Saggies en teer
**         G          D**
klink die stem van Yahshua;
**              A            D**
Hy roep, o sondaar, kom nou!

**D                      G          D**
2. Waarom dan wag wyl Yahshua jou uitnooi,
**             Bm       A**
pleit daar vir jou en vir my?
**D                        G          D**
Waarom dan wag en verwerp al Sy goedheid –
**             A        D**
goedheid vir jou en vir my?

**D                      G            D**
3. Dink aan Sy liefde wat Hy ons beloof het,
**         Bm       A**
liefde vir jou en vir my.
**D                        G             D**
Hy skenk vergifnis hoe groot ook ons sonde –
**             A        D**
skenk dit vir jou en vir my.